



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

## BScHons Farmakologie (10243162)

**Duur van studie** 1 jaar

**Totale krediete** 120

**Kontak** Prof AD Cromarty [duncan.cromarty@up.ac.za](mailto:duncan.cromarty@up.ac.za) +27 (0)123192622

### Programinligting

Die volgende vereistes word gestel vir voltooiing van die graad:

- Gevorderde onderrig by wyse van selfstudie en vier verpligte seminare waarvan ten minste een aan die betrokke departement voorgedra en verdedig moet word oor onderwerpe aan die student opgedra.
- Praktiese ervaring in die laboratoriumtegnieke wat in die spesifieke subafdelings van die vak gebruik word.
- Bywoning van die verpligte fakulteitsmodule (TNM 700) Toegepaste navorsingsmetodologie 700 sowel as (MBS 700) Mediese biostatistiek 700.
- Bywoning van die voorgeskrewe module (MBS 700) Mediese biostatistiek 700. Inskakeling by 'n navorsingsprojek en aanbieding van 'n selfstandige navorsingsprotokol.
- Bevredigende bywoning van 'n biblioteekgebruikerskursus.

### Toelatingsvereistes

- 'n Kandidaat moet in besit wees van 'n baccalaureusgraad wat volgens die oordeel van die departementshoof aanvaarbaar vir die voorgenome studie is of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat volgens die Senaat aanvaarbaar vir die voorgenome studie is met ten minste een toepaslike biologiese vak as hoofvak.
- Toelating tot honneursstudie is onderhewig aan die goedkeuring van die departementshoof: Met dien verstande dat 'n student wat 'n gemiddelde van minder as 60% in sy of haar hoofvakmodules in die finale studiejaar van die baccalaureusgraad behaal het slegs met **goedkeuring van die Dekaan** op aanbeveling van die departementshoof tot studie toegelaat kan word. Bykomende vereistes kan deur die departementshoof gestel word.
- 'n Gemiddelde van minstens 60% in Farmakologie op voorgraadse vlak.
- Die modules (FAR 381, 382) Farmakologie 381, 382 moet addisioneel geneem word by die Departement Farmakologie, indien nie op voorgraadse vlak geneem nie.
- Vrystelling van eksamen in FAR 381, 382 kan toegestaan word indien 'n student wat 'n modulepunt van minstens 60% behaal het, die opsie uitoefen om dit as finale punt te aanvaar.
- Die voorvereistes vir toelating tot die honneursgraadstudie in sekere studierigtings word by die spesifieke departement se leerplanne aangedui.
- Sien ook Algemene Regulasies.

### Addisionele vereistes

'n Gemiddelde van minstens 60% in Farmakologie op voorgraadse vlak.



Die modules (FAR 381, 382) Farmakologie 381, 382 moet addisioneel geneem word by die Departement Farmakologie, indien nie op voorgraadse vlak geneem nie.

Crystelling van eksamen in FAR 381, 382 kan toegestaan word indien 'n student wat 'n modulepunt van minstens 60% behaal het, die opsie uitoefen om dit as finale punt te aanvaar.

Die voorvereistes vir toelating tot die honneursgraadstudie in sekere studierigtings word by die spesifieke departement se leerplanne aangedui.

Sien ook Algemene Regulasies.

## Eksamens en slaagvereistes

- i. Die eksamen aan die einde van die program bestaan uit twee skriftelike vraestelle van drie uur elk asook 'n mondelinge eksamen van 30 minute.
- ii. Vir die spesialisering Geneeskundige Fisika word een eksamen van drie uur elk in elkeen van die teoretiese modules afgelê. 'n Punt word ook aan die praktika toegeken wat by die berekening van die finale punt in aanmerking geneem word.
- iii. Die maksimum tydperk vir die voltooiing van die honneursgraad is twee jaar in die geval van voltijdse studente en drie jaar in die geval van na-uurse studente. In buitengewone omstandighede kan 'n student skriftelik by die departementshoof aansoek doen om verlenging van die tydperk.
- iv. Om aan die slaagvereistes vir die graad te voldoen, moet 'n student 'n finale punt van minstens 50% in elke afdeling soos aangedui behaal, asook 'n slaagpunt van minstens 50% in die skripsie/werkstuk (indien van toepassing). Die bepaling ten opsigte van slaagvereistes vir verhandelings in die Algemene Regulasie is mutatis mutandis op skripsies van toepassing.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat 'n gemiddelde van minstens 75% in die eksamen (skriftelik, mondeling, prakties, ens.) behaal het.



## Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

### Kernmodules

#### Mediese biostatistiek 700 (MBS 700)

**Modulekrediete** 20.00

**Kontaktyd** 1 lesing per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Akademiese organisasie** Statistiek

**Aanbiedingstydperk** Semester 1

#### Toegepaste navorsingsmetodologie 700 (TNM 700)

**Modulekrediete** 0.00

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Akademiese organisasie** Skool vir Geneeskunde

**Aanbiedingstydperk** Jaar

#### Module-inhoud

\*Slegs bywoningsmodule.

#### Farmakologie 705 (FAR 705)

**Modulekrediete** 100.00

**Voorvereistes** Geen voorvereistes.

**Kontaktyd** Sestien keer per week, 6 lesings per week

**Onderrigtaal** Module word in Engels aangebied

**Akademiese organisasie** Farmakologie

**Aanbiedingstydperk** Jaar

#### Module-inhoud

\*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

Covers the following topics: Immunology, pain and inflammation, pharmacokinetics, wound healing, proteomics, isotopes in medicine, pharmacogenetics, law, pharmaceuticals, traditional medicines, plant-based medicines, lifestyle disorders, drug/drug interactions, drug adverse effects, malaria, cancer and malignancies and psycho/neuropharmacology, Good Clinical Practice (GCP), Good Laboratory Practice (GLP), Therapeutic Drug Monitoring (TDM), Overview of dispensing medicine. Practicals are as per study guide..

Hierdie module sluit 30 navorsingskrediete in.

### Keusemodules



## Farmakologie 381 (FAR 381)

<b>Modulekrediete</b>	18.00
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	FLG 211, FLG 212, FLG 221, FLG 222 GS
<b>Kontaktyd</b>	2 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Akademiese organisasie</b>	Farmakologie
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 1

### Module-inhoud

Inleiding, reseptore, antagonisme, kinetiese begrippe. Middels wat inwerk op die outonome en sentrale senuweestelsel. Geneesmiddelbehandeling van hipertensie, angina pectoris, miokardiale infarksie, hartversaking, hart-aritmieë, en epilepsie. Diuretika, glukokortikosteroïede, lokale verdowers, narkosemiddels, analgetika, yster en vitamene, onkostatika, immuunonderdrukkers.

## Farmakologie 382 (FAR 382)

<b>Modulekrediete</b>	18.00
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	FAR 381, FLG 211, FLG 212, FLG 221, FLG 222 GS
<b>Kontaktyd</b>	2 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
<b>Akademiese organisasie</b>	Farmakologie
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 2

### Module-inhoud

Hormone, geneesmiddels wat inwerk op histaminerge, serotonerge en dopaminerge reseptore. Geneesmiddelbehandeling van diabetes mellitus, skisofrenie, depressie, vetsug, angs, insomnia, spysverteringskanaalsiektes. Antistolmiddels, antimikrobe middels.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.